deur CHRISTIAAN J DE SWARDT

Laurika wil net vermaak

Musiek-ikoon Laurika Rauch vermaak gehore al 30 jaar. Sy is gelukkig – in die kollig en tuis.

Laurika by 'n lewensgetroue studie van haar man, Christopher Torr

Professionaliteit en gehalte is vir Laurika Rauch ononderhandelbaar, daarom is tyd vir haar 'n kwessie. "Ek probeer om nie uit te stel nie, maar ek is soos die middeljarige leeu wat vir die psigiater gesê het: 'Die sebras raak al hoe vinniger'."

Dit is juis waarom haar bewonderaars so lank vir 'n DVD moes wag. Dié is nou voltooi en sal binnekort as *Laurika Rauch grootste treffers LIVE! Die DVD*, beskikbaar wees.

"'n Gewilde sêding onder musikante wanneer iemand nie vir 'n *gig* beskikbaar is nie, of baie besig is, is: 'Daardie persoon het uiteraard 'n lewe.' Omdat ek 'n lewe buite my werk het, het ek nie altyd so baie tyd om alles vinnig klaar te kry nie," vertel Laurika.

"Jy noem my 'n ikoon, maar ek is maar net so onseker soos enigiemand anders. 'n Mens werk jou morsdood om te *please*, maar mense het dikwels in elk geval reeds 'n mening oor jou gevorm. In die afgelope paar jaar het ek darem geleer om 'n kompliment te waardeer en die goeie reaksie wat my kant toe kom as iets te sien wat my voed – dis die krag wat gehore my gee."

Drie dekades in die musiekbedryf is so te sê agter die rug. Sedert Laurika se albumdebuut met Koos du Plessis se liedjie *Kinders van die wind*, die treffende temalied van die gewilde 1979-TV-reeks *Phoenix & Kie*, is haar naam sinoniem met gehaltekuns: 'n definitiewe musikaliteit, ongewone stem en innige vertolking wat die puriste, musiekwaarnemers, resensente én die deursnee-musiekliefhebber aangryp, boei, begeester en met verwondering laat luister.

Laurika bied musiek waarop Afrikaanses, anderstalige Suid-Afrikaners en uitlanders trots is. Sy vermaak musiekliefhebbers, van hier tot in België, Nederland, Londen en Duitsland, met suiwer mensgerigte musiek – ook, en veral, in Afrikaans. En sy doen dit met algehele, sielvolle oorgawe: vir klein nismarkgehore in intieme teaters tot voor 'n skare van 13 000 mense in die buiteland.

Laurika is in 2003 met SABC2 se Geraasmusiektoekenning vir haar lewenslange ywer, tydlose musikale bydraes en opheffende diens aan Suid-Afrikaanse musiek vereer: as sangeres, aktrise, kabaretster, komponis, musiekproduksie- en vokale regisseur, lektor in sang en drama, bladmusiek-uitgewer en TV-aanbieder – die kunstenaar wat met haar reuse-treffer Stuur groete aan Mannetjies Roux, omtrent tien jaar ná die begin van die luisterliedjie-era, opnuut volksbesit geword het.

Laurika het weliswaar daarin geslaag om van die jare sewentig tot nou onverpoosd puik treffers op te lewer: onder meer Vergeet om te vergeet/onthou om te onthou, Jy is te dierbaar, Op Blouberg se strand, Ek het 'n huisie by die see, Blou, Die nostalgie, Die gang, Hot gates, Marieke, Die mense op die bus, Kom laat ons sing 1 & 2, Vier seisoene kind, My ou tante Koba en Lord of the dance.

Haar waarde as kunstenaar is nog altyd eenparig deur resensente beaam en sy is onder meer met 'n Gallo-, AKTV- en Samaprys en 'n erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer.

Laurika respekteer kritiek. "Ek voel iemand gee genoeg om om tyd af te staan om vir my opbouende raad te gee. Kritiek moet altyd opbouend wees, anders ignoreer ek dit."

En sy waardeer toekennings. "Iemand gee genoeg om om vir my te sê hulle hou van wat ek doen – hou so aan." Asof sy sulke goedkeuring nodig het!

Dit is dié beskeidenheid wat haar as die sangeres vir die mense gevestig het.

Laurika in 'n gunstelinghoekie in die tuin. Hier geniet sy van haar vreugdes: stilte en 'n tuin vroegoggend of laatmiddag, tee, mooi voorgesit, vrye tyd en die vooruitsig van vrye tyd

Daarvan spreek die syfers: verkope van oor die kwart miljoen albums met drie albums wat goue en een wat platinumstatus bereik het. Nog twee is op pad om onderskeidelik goue en platinumstatus te bereik. Tydskriflesers het haar ook al herhaaldelik as die Sangeres van die Jaar aangewys.

En waaraan sou sy dit toeskryf? "Eerlikheid in my musiek, eerlikheid van die mense wat ek om my skaar en veral eerlikheid met myself. Ook harde werk. My werk se begin en einde is op die verhoog, my inspirasie ook. Ek sal net aanhou werk solank ek op die verhoog kan verskyn."

En dit doen sy al sedert haar vyfde jaar!

Laurika sing nie met 'n doelbewuste boodskap nie. "Ek wil net vermaak terwyl ek 'n spieël vir die luisteraar probeer ophou – om vir mense te wys hoe lieflik elkeen van ons en hoe merkwaardig die lewe is. Ek wil graag hê die toehoorder moet kan voel enigiets is moontlik."

En sy is bewys daarvan . . .

Baie jare het verloop sedert sy onder meer 'n Afrikaans-onderwyser was, kinderslaapklere vir 'n kettingwinkel aangekoop het, 'n kunsteraad-aktrise was, Springbokradio se Sarie-prys as die Beste nuweling ontvang het en in 'n stadium 'n plateresensierubriek vir die destydse *Radio & TV-dagboek* geskryf het.

Sedert Kinders van die wind bo-aan Radio 5 se treffersparade was, Laurika 'n TV-ster in Merwede van der Merwe se glansreeks *Musiek & liriek* geword het, bekendheid vir haar vertolking in Taubie Kushlik se *Jacques Brel*-produksies verwerf het en haar optrede in Hennie Aucamp se *Met permissie gesê* (die eerste kabaret in Afrikaans), het Laurika voortgegaan om op die verhoog, in die ateljee en op TV baanbrekerswerk te verrig.

Tussen daardie hoogtepunte is haar medewerking met van Jannie du Toit (*Van Berlyn tot Bapsfontein*) en Vusi Mahlasela (*Samekoms/Kopano*) tot Stef Bos, David Kramer, Talliep Petersen en ander voorste Suid-Afrikaanse kunstenaars in *Ons kruis paaie*.

En natuurlik die kykNET-reeks wat ook op DVD beskikbaar is – *Kom laat ons sing – 'n musikale reis saam met Laurika Rauch*, waarin sy en regisseur Johan Badenhorst die ontwikkeling van Afrikaanse musiek die afgelope 30 jaar nagevors en belig het.

En nou, ná 19 albums, voeg sy haar eerste *live* DVD aan daardie indrukwekkende werklys toe. "Ek is geweldig opgewonde hieroor! Dit sal heel waarskynlik die enigste een wees wat ek sal maak. Ek wou gehad het dit moet verteenwoordigend wees van die klank wat ek op die verhoog het, sowel as van hoe ek werk. Die DVD is dit alles ... en meer. Ek kon nie vir beter gevra het nie. Ons het probeer om die produksie so mooi as moontlik te laat lyk met pragtige beligting en interessante en toepaslike beelde agter my op 'n skerm, 'n *beautiful band* en uitstekende klank. Ek hoop die gehoor gaan baie tevrede daarmee wees."

Buite die kollig is haar hart waar haar huis is. "Dwarsdeur my loopbaan het die publiek my nog net met deernis, goeie maniere en positiwiteit behandel, maar ek gaan soos 'n moederhen tekere as my gesin in die gedrang kom. Ek het die beroep gekies; nie hulle nie. Ek dink my persoonlikheid het iets met die persepsie van my privaatheid te doen – ook met hoe ek die kollig hanteer: as jy mense met respek hanteer, sal hulle dit terugkaats. Ek is geensins 'n afgetrokke kluisenaar nie, maar in my privaatheid kom ek as mens ten beste tot my reg."

Daar omring sy haar met die mense wat vir haar die belangrikste in haar lewe is, want vir haar oortref niks die vreugde wat sy uit haar gesin put nie – haar man, die liedjieskrywer en ekonomiese konsultant Christopher Torr, en die kinders, Simon (24), 'n videoredigeerder, en Nina (19), 'n eerstejaar-kunsstudent.

Laurika is 'n gebore Kapenaar, maar woon al 32 jaar in Gauteng – 15 jaar in Johannesburg, 17 jaar in Pretoria en die afgelope vier jaar in die huis wat hulle self gebou het. "Dis vir my die lekkerste plek om in te wees. Elke vertrek en elke uitsig uit elke venster is vir my mooi."

Laurika stel intens in argitektuur en beligting belang, asook in watter plante in hul tuin gedy en waarmee haar huismense en vriende besig is. "Hulle is almal passievolle mense wat my begeester. Chris se humor en insig, mense wat oor idees praat, gesprekke met ons kinders en my onwrikbare geloof in die werkinge van die Heilige Gees is my dryfkrag."

Sy verpes roekelose spoed, onregverdigheid en geweld en sy sê sy's nog ietwat territoriaal oor haar kombuis. Sy máák tyd om te ontspan, lees outobiografieë, novelles en die *New Yorker*-tydskrif voor die kaggel of kuier op hul bo-stoep. Dié magiese kunstenaar, stylvolle mens en grasieuse vrou het ook 'n heerlike humorsin en geniet dit om in die tuin te vroetel. "Ek werk – eintlik speel – graag in die tuin, gaan kyk 'n goeie show of fliek of luister na 'n nuut aangekoopte CD. Ek geniet aweregse humor, veral *slapstick*, maar is ook mal oor *deadpan*-humor. Ek hou van die geselskap van mense wat slim-snaaks is."

Met die oog op Vrouedag wat dié maand gevier word, pols ek Laurika oor die eienskappe wat sy meen 'n vrou moet hê om 'n verskil te maak.

"Energie, vertroue in haarself, in ander en in God." Sy sê vroue het toegang tot die meeste voorregte wat mans het. "Boonop kan vroue kinders kry en lief en leed op ons manier beleef en uitleef. Die vrou se grootste uitdaging is om met deernis waar te neem en daarvolgens op te tree ... en om genoeg tyd vir haarself te maak."

Laurika Rauch doen dit: stil – maar betrokke. *Vk*

Kuier saam met Laurika

Kom kuier saam met Laurika en ***Vrouekeur*** op 22 en 23 September by die Paarl Cultivaria-fees wat van 22-25 September plaasvind.

Dié unieke plesier-, kultuur- en avontuurgeleentheid is 'n fees waar almal 'n groot verskeidenheid aktiwiteite kan geniet wat liggaam, siel en denke verkwik.

Vir meer inligting en besprekings, besoek www.cultivaria.com of bel (021) 872 9754

KONTAKBESONDERHEDE: ▪ Konsertbesprekings: (012) 804 1259 of 083 441 6287 / allegrou@worldonline.co.za ▪ Webwerf: www.laurikarauch.com ▪ E-pos: laurika@laurikarauch.com